



Sept, Okt & Nov 2022

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Liewe lidmaat,

Ons gemeente se 40 dae reeks begin 28 Augustus 2022 en ons is opgewonde oor hierdie nuwe reeks! Ons gaan vir die volgende paar weke stilstaan by die boek Nehemia. Dit is ons gebed dat die Here op 'n besondere manier deur hierdie reeks met ons sal praat, en aan ons Sy wil en visie vir ons gemeente sal wys.

Nehemia was 'n skinker by 'n koning. Maar hy is so aangegryp deur die volk Israel se nood, die hoop wat hulle verloor het en die stadsmuur van Jerusalem wat vernietig is en in puin lê. Dit loop uit op ernstige gesprekke met die Here. Ons lees Nehemia het gebid en gevas. Toe kry hy die opdrag en die roeping om die stadsmuur te gaan herbou. Hy het homself gaan vergewis van die muur se toestand sodat hy die omvang van die taak kon bepaal. Dit was harde werk wat voorgelê het. Maar hy het sy visie met die leiers van Jerusalem gedeel en hulle antwoord was: *Kom ons bou!* Hulle het gesamentlik hierdie opdrag van die Here aangepak. Dis opvallend hoe die héle volk, elke persoon, 'n stukkie bouwerk gehad het om te doen.

Net so het die Here vir ons élkeen 'n stukkie bouwerk om te doen in ons gemeente. Ons het ook die opdrag ontvang om ons gemeente te herbou! Ons bouplan vir die gemeente is dat dit 'n plek


JAARTEMA: Wag op die Here

van aanbidding, omgee, groei, heling en diens sal wees. En die *detail* van hierdie plan gaan in die volgende paar weke ontvou soos die Here met ons praat en ons lei.

Liewe lidmaat, jý is vandag deel van NG Rietfontein-Suid omdat die Here hier vir jou 'n stukkie bouwerk uithou wat jý moet doen. As jy dit nie hier gaan doen nie, is daar 'n leemte in die muur van ons gemeente, die huis van die Here. Want elkeen van ons is 'n stukkie gegee om te bou. Jý is deel van die bouspan van NG Rietfontein-Suid. Jý is gekies, geroep en bekwaam genoeg om dit te kan doen! Kom ontdek in die volgende paar weke wat dit is wat die Here wil hê jy vir Hom moet doen. Kom ontdek saam ons die Here se hart en wil vir ons gemeente.

Ek sien uit om saam jóú te reis,

Ds Petro Jonker



HE SAVED US, NOT BECAUSE OF
THE RIGHTEOUS THINGS WE HAVE
DONE, BUT BECAUSE OF HIS
MERCY.

Titus 3:5

----- DATUMS VAN BELANG -----

- ♦ **3 Sept:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **4 Sept:** Nagmaal @ 9:00
- ♦ **10 Sept:** Karnaval
- ♦ **30 Sept:** Skole Sluit
- ♦ **1 Okt:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **11 Okt:** Skole Open
- ♦ **5 Nov:** Moot Mark & Karwas 9:00—13:00
- ♦ **6 Nov:** Dankofferdiens
- ♦ **20 Nov:** Nagmaal @ 9:00
- ♦ **27 Nov:** Kategese Afsluiting @ 10:15 &
Kerssangdiens @ 19:00



ZERO BOOMSLOPING



BOOMSLOPING EN SNOEI
VAN BOME EN STRUIKE
ONS VERSKAF OOK KAGGELHOUT



KONTAK ERNST 083 656 4992

WWW.TREECAREPTA.CO.ZA

OPSOMMING VAN DIE BEDIENINGS VAN DIE NUWE RIETFontein Suid

INLEIDING

Die Kerkraad is opgewonde om ons Gemeente te kan meedeel dat die Kerkraad en Dagbestuur, sedert Februarie 2022 saam met 'n hele klomp ywerige mense gewerk het om ons Gemeente se sewe Bedienings en Taakspanne te konsolideer na vier Bedienings, elkeen met 'n paar sub-bediensings. Die sub bedienings word ook elkeen, vir eenvoud onthalwe, 'n "Bediening" genoem.

Die Vier Bedienings is nou:

- ◆ **Geestelike Toerusting Bediening**
- ◆ **Uitreik Bediening**
- ◆ **Omgee Bediening**
- ◆ **Ondersteuningsbediening**

Onthou jy nog die 40 dae reeks oor **Rick Warren se Doelgerigte Lewe ("Purpose Driven Life")** wat ons jare gelede deurgewerk het? Die Gemeente se vier Nuwe Bedienings pas mooi daarby aan. Daarvolgens gaan 'n Christen, dws ook RFS se lewe "nie net oor MY nie"! 'n Christen, en dus **OOK JY as RFS gemeentelid** se lewensdoel is / behoort as volg te wees:

- Om ons **HERE**, Jesus, en Die Vader en Die Heilige Gees opreg **TE AANBID (Aanbidding / Geestelike Toerusting)**
- Om saam te leer / oefen hoe om **DISSIPELS** van Jesus te wees, dws om te leer hoe om elke dag in ons lewe meer **SOOS JESUS** te word, **om die Here te dien (Geestelike Toerusting en Omgee)**
- Om elkeen te leer / toegerus te word hoe om ons **PERSOONLIKE LEWENSMISSIE** uit te lewe en te getuig van Jesus in ons beroep of besigheid (Uitreik)
- Om **SAAM** met ander gemeentelide / Christene / RFS lede te leer hoe om **dissipels** van Jesus te wees en aan ons onderlinge **GEESTELIKE FAMILIE VERHOUDINGS TE BOU (Omgee)**
- Om te leer / oefen hoe om **ons gawes**, vaardighede, persoonlikheid in die **BEDIENINGS** van die gemeente te gebruik, dws om **ons medemens te dien (Omgee en Ondersteuning)**

Hierdie riglyne is heeltemal toepaslik in ons nuwe Bedieningstruktuur.

1. GEESTELIKE TOERUSTING BEDIENING

Visie van Geestelike Toerusting Bediening

Die Geestelike Toerusting Bediening bestaan uit 5 Sub-Bediensings, nl. Erediens Bediening; Kinder Bediening; Jeugbediening; Gebedsbediening en Estetiese Bediening.

1.1 Visie van die Erediens Bediening (Ds Petro en Span) (Efes 4:11 (2020

Vertaling) ...En Hy het sommige as herders en leraars gegee, om die heiliges toe te rus vir hul dienswerk, om die liggaam van Christus op te bou, totdat ons almal kom tot eenheid in geloof en in kennis van die Seun van God, en tot 'n volwassenheid....)

- Ons wil God Drie-enig aanbid en verheerlik in ons eredienste;
 - Ons wil ons gemeente omskep in 'n geestelike tuiste waar ons lidmate veilig en tuis voel, nuwe lidmate welkom voel en waar die Here se liefde en omgee sigbaar is;
 - Ons gemeentede is vir ons kosbaar en dis vir ons belangrik om hulle in geloof en die uitlewing van hul christenskap te leer en op te bou.
 - **Voorlopige Prioriteite – Om vanaf Aug 2022 saam met die Omgee Bediening die Gemeente te herbou, soos Nehemia wat die Tempel herbou het. Die Bediening se begroting is ook aangepas**
- 1.2 **Visie van die Kinder Bediening** (Talita en Span) (*Josua 24: 15 (2020 Vertaling)Maar ek en my huis, ons sal die HERE dien...*)
- Ons wil God Drie-enig aanbid en verheerlik in ons kinderkerk.
 - Die kinders is vir ons kosbaar en dis vir ons belangrik om hulle in geloof te leer en op te bou.
- 1.3 **Visie van die Jeug Bediening** (Marno en Span) (*Josua 24: 15 (2020 Vertaling)Maar ek en my huis, ons sal die HERE dien...*)
- Ons wil God Drie-enig aanbid en verheerlik in ons jeug samekomste.
 - Die kinders en jeug is vir ons kosbaar en dis vir ons belangrik om hulle in geloof en die uitlewing van hul christenskap te leer en op te bou.
- 1.4 **Visie van die Gebedsbediening** (Gert en Span) (*Eks 17: 12 (2020 Vertaling) Aäron en Hur het, een aan elke kant, Moses se hande gestut. Sy hande het bestendig omhoog gebly..... Wanneer Moses sy hand omhoog hou het Israel die oorhand gekry.*)
- Alles wat ons beplan en doen, geskied in 'n biddende afhanklikheid van die Here. Daarom is ons gebedsbediening vir ons belangrik.
 - Dis vir ons van groot belang om die Here se wil te volg, en om ons gemeente, leiers en lidmate daaglik in gebed op te dra.
- 1.5 **Visie van die Estetiese Bediening** (Tertia en Span) (*Eks 35: 35, 36 (2020 Vertaling): Die HERE het hulle vervul met die kundigheid om al die werk van 'n vakman te doen: ... die van 'n ontwerper, 'n borduurder, ... die van 'n wewer – mense wat al die werk kan doen en vindingryke planne kan beraam... 36: 1 ... insig om te verstaan hoe om al die werk aan die oprigting van die heiligdom te verrig...*)
- Om 'n eenvoudige, smaakvolle kerk-binneruimte te skep wat tot eer van God is en bydra tot Sy lof en aanbidding, volgens ons gemeente se behoeftes en karakter;
 - Om alles wat gedoen word om ons kerk en kerkterrein te versier, in same-

werking met die Instandhouding Bediening tot 'n smaakvolle eenheid te integreer, sodat Rietfontein Suid Gemeente 'n positiewe beeld na buite kan kommunikeer.

- **Die Estetiese Bediening is besig met 'n Omvattende Kwotasie vir die Opgradering van die Kerkgebou se binneruim, wat voorgelê moet word vir goedkeuring en implementering.**

2. UITREIK BEDIENING

Visie van Rietfontein Suid se Uitreik Bediening (Allan en Span)

Die Uitreik Bediening bestaan uit twee Sub-Bediensings, naamlik Sending Bediening en Barmhartigheid Bediening

2.1 Visie / Bedoeling met Sending Bediening (Koenie, Swannie, Carl en Span) *(Hand 1: 8 (2020 Vertaling):... Julle moet my getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde)*

- Om die gemeente bewus te maak van die werk en behoeftes van genomineerde sendelinge en sending organisasies. (Laudium Ultreik; Mosambiek Sending; en Olive Shoot Network International (Koerdiese Vennootskap))
- Om genomineerde sendelinge finansieel en moreel te ondersteun in hulle werk om die woord van God (en Jesus) uit te dra na mense wat nog nie die Waarheid gehoor het nie
- **Voorlopige prioriteite – Die Sending Bediening se begroting is aangepas in lyn met die Bediening se Visie**

2.2 Visie / Bedoeling met Barmhartigheid (Ds Petro, Allan, Carl, Hendrik, Susan, Johan) *(Luk 6:36 (2020 Vertaling): Julle moet barmhartig wees, soos julle Vader barmhartig is)* Die Barmhartigheid Bediening bestaan tans uit Alimentasie, Begrafnis, Karwas projek, Naaldwerkklas

- **Alimentasie Bediening** (Ds Petro) – Om Gemeentelede, waar daar een of ander vorm van nood is, te besoek en te help waar nodig
- **Begrafnis Bediening** (Laetitia) – Om gemeentelede te bedien met verversings by begrafnis dienste wat uit die Kerk gehou word
- **Moot Mark** (Hendrik) – Om deur die Mootmark, teen 'n nominale fooi vir Kleinsake die geleentheid te gee om hul produkte te bemark / verkoop.
- (Die Jeug het ook stalletjies by die Mootmark om fondse in te samel vir uitreike, funksies en sosiale aktiwiteite)
- **Karwas** (Hendrik) - Om by die Moot Mark deur die Karwassery vir werklose mense die geleentheid te gee om 'n inkomste vir die dag te verdien en iets te ete te kry
- **Huis Janri, Huis Linda, Huis Quanessa en Huis YANA** (Dries en Helga) – Om ondersteuning te gee deur weeklikse bediening met die Woord, en Sosiale gesprek
- **Naaldwerkklas** (Sandra Mc Illwrath) – Om teen 'n nominale fooi, vroue in die Gemeente en omgewing die geleentheid te gee om naaldwerkvaar-

dighede aan te leer, ten einde hulself te kan help klere maak

- **Voorlopige Prioriteite – Die Barmhartigheid Bediening se begroting is ook aangepas in lyn met die Bediening se Visie. Die Naaldwerkklass se masjiene is nagesien en hulle het reeds ses nuwe leerlinge.**

3. OMGEE BEDIENING

Visie van Rietfontein Suid se Omgee Bediening (Peet, Tommy, Flip en Span) (Hebr 10:24, 25 (Nuwe Lewende Bybel): *Laat ons dan mekaar help en aanmoedig. Ons moet mekaar liefhê en goed wees vir mekaar. Laat ons nie ophou om na ons byeenkomste toe te gaan nie... want julle sien self hoe naby die dag van die HERE se koms is*)

- **Die Hoofdoel van die Omgee Bediening is – Dissipelskap, naamlik om al die gemeentelede, van alle Ouderdomsgroepeerings, betrokke te kry in die Gemeente Roeping en Dienswerk (deur Omgeegroepe vir Kinders, Jeug, Jong Getroudes, Gesinne, Middeljariges, Seniors, en ook selfs Omgeegroepe gefokus op Bybelstudie / Bybelskool, te vestig)**
- **Om seker te maak dat almal, dws elkeen van ons RFS gemeentelede (ook jy wat hier lees), welkom voel om deel te neem in RFS se geestelike groei en Gemeente Roeping**
- **Om die Geestelike Toerusting wat ons uit preke en eredienste kry, prakties in Gemeentelede se daaglikse lewe en beroepe / besighede, asook die Gemeente se Bedienings toe te pas**
- **Om 'n praktiese, maar intieme en vertroulike proses, dws Omgeegroepe in ons gemeente te stig om te help om voortdurend vir mekaar om te gee, nie net Sondae by eredienste nie**
- **Om Gemeentelede te help om mekaar te ondersteun deur konkreet vir mekaar te bid, en beskikbaar en betrokke te wees in die verskillende aspekte van mekaar se lewens, (emosioneel, liggaamlik en geestelik)**
- **Om Bybelse of Christelike oplossings / wysheid / insig / praktiese raad / hulp / ondersteuning vir gemeentelede met besondere gesinsuitdagings, oftewel probleme en behoeftes te vind, en voorbidding vir mekaar te doen (bv. vir terminale of ernstige siektes in die gesin, depressie, bipolêre versteuring, skisofrenie, uitbranding, outisme, en ook moeilike / wêreldse / verdrukkende werkgewers) (Ondersteuning en voorbidding; Toepassing van Bybelse of Christelike oplossings / wysheid / insig / praktiese raad / hulp / ondersteuning vir gemeentelede met besondere behoeftes)**
- **Voorlopige Prioriteite - Vanaf Aug 2022 beoog die Omgee Bediening om die Gemeentelede-Databasis weer te konsolideer; en ook om aksies te loods om Nuwe Omgeegroepe te vestig en Oues weer aan die werk te kry; en om saam met die Geestelike Toerusting Bediening die Gemeente te herbou, soos Nehemia wat die Tempel herbou het.**

4. ONDERSTEUNINGSBEDIENING

Visie van Rietfontein Suid se Ondersteuning Bediening (Eks 35: 35, 36 (2020 Vertaling): *Die HERE het hulle vervul met die kundigheid om al die werk te doen: ... mense wat al die werk kan doen en vindingryke planne kan beraam...* 36: 1 ... *insig om te verstaan hoe om al die werk aan die oprigting van die heiligdom te verrig...* en ook Kol 3:23 (2020 Vertaling): *Wat julle ookal doen, werk met geesdrif, soos vir die HERE, en nie soos vir mense nie.... want julle staan in diens van die HERE, Christus*)

Die Ondersteuning Bediening is saamgestel uit die Finansies Bediening; Administrasie Bediening; Personeelverhoudinge Bediening; en Instandhouding / Infrastruktuur Bediening

4.1 Visie / Bedoeling met Finansies Bediening (Willie, Jeanette)

- Om die Gemeente RFS se Finansies/Boekhouding (Begroting, Inkomstes, Fondsinsameling en Ultgawes) só te bestuur dat die Gemeente al die fasette van haar roeping effektief kan bereik

4.2 Visie / Bedoeling met Administrasie Bediening (Elna, Jeanette, Ryno)

- Om die Gemeente RFS se Administrasie (Rekords, Argiewe, Kosters, Skriba) só te bedryf dat die Gemeente in al die fasette van haar roeping ondersteun word én aan al die Sinode, Ring en Staat se vereistes voldoen

4.3 Visie / Bedoeling met die Personeelverhoudinge Bediening (ou Diensverhoudinge) (Tommie Kriel, Elsie Kriel, Jeanette)

- Om die Gemeente RFS se Personeel (Leraars, Kantoorpersoneel, Kosters, Tuin personeel en skoonmakers) se kontrakte, diensvoorwaardes, voordele en uitvoering van hulle pligte en werksomstandighede sódanig te bestuur dat hulle gemotiveer is om die gemeente se roeping uit te voer

4.4 Visie / Bedoeling met Instandhouding Bediening van die Gemeente se infrastruktuur (Herman, Stephan, Casper, Ilze, Ryno, Elna)

- Om die Gemeente RFS se Infrastruktuur (geboue, terrein, water, elektriese en elektroniese / kommunikasie netwerke, ens) só instand te hou dat dit die gemeente tot al die fasette van haar roeping in staat stel
- **Prioriteite – Die Gemeente se Begroting is geherstruktureer volgens die nuwe Bediening Struktuur; Verder is die Bediening besig om ook die Personeelverhoudinge Bediening uit te bou**

Jy wat hier lees besef dit dalk nog nie, maar Die HERE het jou ook al reeds vervul met die kundigheid om 'n werk vir Hom te doen ... met insig om te verstaan hoe om al die werk aan die oprigting van Sy heiligdom te verrig - Die Kerkraad nooi jou, ja jou! uit om by enige van die Nuwe Bedienings aan te meld, om jou gawes, vaardighede en passie in ons Gemeente, die stukkie van die Koninkryk van ons Here Jesus hier in die Moot te kom uit-lewe. Kontak Ds Petro of enige van die Bedieningsleiers!

RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE



www.hiddenpicturepuzzles.com



U	Q	K	M	A	L	C	R	A	B	V	K	X	S	L	N	T
P	J	P	A	E	Z	G	M	R	W	H	J	K	W	Q	G	Z
F	Y	I	J	N	W	P	U	V	Y	S	Q	O	S	Y	F	T
K	S	T	A	R	I	S	T	I	L	L	B	R	I	C	K	P
J	N	X	B	S	T	A	M	P	W	R	U	X	R	B	E	S
V	G	K	B	R	I	M	Q	R	P	Q	C	Q	U	T	D	F
Q	R	C	M	Z	I	P	M	J	V	K	Q	H	K	A	A	R
C	E	I	B	M	T	R	M	E	J	O	N	A	W	U	S	E
S	E	C	W	U	D	E	I	B	Z	D	P	D	P	S	S	S
V	N	S	P	O	T	T	Z	R	O	W	Y	G	J	K	Q	H
E	E	S	N	A	P	T	P	O	B	X	J	F	T	O	U	U
S	M	E	L	L	R	Y	B	T	R	I	C	K	D	R	U	C
G	R	A	S	S	Z	W	N	H	K	Q	Z	W	K	B	T	R
O	V	F	S	L	O	W	H	E	R	F	F	U	W	A	O	I
B	W	G	R	A	B	A	F	R	O	Y	M	B	S	W	F	B
B	R	L	Y	Z	F	T	C	O	L	O	F	S	Z	E	B	W
V	T	Z	X	N	C	J	N	R	B	S	Q	U	C	Y	O	K

slow

smell

stamp

still

spot

snap

fresh

grab

trick

brick

crib

crab

grass

pretty

brother

green

star



N01

Each letter of the alphabet is represented by the same number throughout the puzzle. For example, in the puzzle to the right, 4 = E, 13 = G and 21 = D. Use these clues to fill in the matching numbers in the grid, then work out the missing words and add the solved letters to the number grid guide below the puzzle.

ALL CODEBREAKERS COMPILED BY GERDA ENGELBRECHT

15	4	15	14	2	4		16	14	8	4	6		7	4	6	15	5	10
9		17		14	6	16	26		5		4	7	24	16		8		4
24	13	20	14	10	14		4	6	20	7	8		8	26	24	6	15	8
10		4	25	4		9	4	5	8	14	6	21		5	10	4		8
11	26	14	10		2	20	8	8		15	4	4	15		11	14	9	4
3	14	11		6	4	10	14	24	15	15	14	10	16	4		11	24	21
	11		9	14	6	16	26		11		8	24	6	4	15		11	
18	4	25	24	8	16	26		8	24	7		2	4	6	24	8	4	21
5		5	18	4	3		6	20	10	20	7		25	24	21	4		24
14	15	11	4	21		25	4	18		2	14	7		4	9	14	10	21
	4		9		16	14	8	14	2	14	6	14	10		4		5	
14	9	18		8	14	19	24		14		5	21	4	15		15	8	3
	22	4	2	20	6		16	3	10	24	16		6	26	3	2	4	
9	24	21		13	14	7	4		24		26	24	1	4		15	7	3
	15		8		8	4	10	8	14	8	24	1	4		8		14	
15	26	6	20	18		14	16	4		26	14	3		8	5	14	21	15
7		14	9	14	15		4	19	7	4	9		18	24	8	15		4
14	6	8	24	15	14	10		8	20	10		15	5	2	4	26	5	25
	4		7	24	9	5	8		22		2	14	19	24	2		10	
18	14	6		16	14	2	5	20	22	9	14	13	4	21		11	4	3
14	7	4	15		21	14	25	10		14	12	14	6		2	24	15	5
23		15	24	8		21	14	21	21	24	4	15		22	4	21		10
14	10	5	6	14	11		6	5	14	6	15		2	14	10	10	4	21
14		6		11	24	10	21		8		8	5	5	11		14		4
6	5	8	8	4	10		15	26	14	11	3		7	4	7	7	4	6

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26

A B C D E F G H I J K L M
N O P Q R S T U V W X Y Z

NG Kerk Rietfontein-Suid

Finansiële Verslag vir Januarie 2022 tot Julie 2021

Inkomste vir die tydperk

R1 055 268

Uitgawe vir die tydperk

R1 048 328

Oorskot

R 6 940

Met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader en gemeetelede wat getrou is. Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.

When we work, we work.
When we pray, God works.

Hudson Taylor

3		6	5		8	4		
5	2							
	8	7					3	1
		3		1			8	
9			8	6	3			5
	5			9		6		
1	3					2	5	
							7	4
		5	2		6	3		

3		6	5		8	4		
5	2							
	8	7					3	1
		3		1			8	
9			8	6	3			5
	5			9		6		
1	3					2	5	
							7	4
		5	2		6	3		

OESTYD

Augustus 2022

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

MOSAMBIEKSENDING **Andries & Sunette Schwartz**

Nuusbrief: Januarie – April 2022

Gedurende ons tydperk in Suid-Afrika het ons meer tyd as gewoonlik saam met ons *World Outreach* kollegas en leiers asook ons amptelike stuur gemeente deurbring. Ons het baie tyd spandeer om te besin oor ons pad vorentoe en daar was ook baie geleenthede vir persoonlike geestelike groei. Vir ons was dit 'n tyd van fokus en groei.

1. Huis-dinge

Dit was heerlik om vir die eerste keer in jare Kerstyd by ons familie te wees. Die nadraai was dat ons almal Covid opgedoen het, maar ons is sonder enige komplikasies daardeur. 'n Groot plus punt was natuurlik ook dat ons heelwat tyd saam met ons kleindogter, wat intussen 1 jaar oud geword het, kon deurbring.

2. "My Calvary Road" en ...

Hierdie boek, wat basies die lewens verhaal van Roy Hession, die outeur van "The Calvary Road" is, het ons albei as studente gelees. 'n Vriend het weer 'n kopie daarvan aan ons persent gegee, en ons het besluit om dit nog 'n keer (saam) te lees (deur hoofstukke om die beurt aan mekaar voor te lees). Voorheen het die boek reeds baie vir ons beteken, maar die kosbare waarhede daarin het ons nog dieper geraak as tevore.

Ons besef ook dat dit die tipe 'temas' is wat baie gepas is vir dissipelskap in Mosambiek en ons sal graag daaraan aandag wil gee in die groei proses van volgelinge van Jesus. Byvoorbeeld in "The Calvary Road" word daar klem gelê op ons afhanklikheid, gebrokenheid en geloof as 'ons deel' vir God se vernuwende werk in lewens.

Die boek beweeg egter aan na Jesus as die kern, die alles wat ons nodig het en so

ontdek jy dat ten spyte van jou geloof en jou vertroue in God se genade, daar dikwels tog wet-verdienste in jou gewortel is wat die Here kom aanspreek.

... "Whisper"

Op die oomblik lees ons "Whisper" deur Mark Batterson wat handel oor om God se stem te hoor. Dit is 'n kosbare boek en natuurlik vir ons baie aktueel.

"I wonder what would happen", said Peter Marshall, if we all agreed to read one of the Gospels, until we came to a place that told us to do something, then went out to do it, and only after we have done it ... began reading again?" I'll tell you exactly what would happen: God's kingdom would come and His will would be done! That's what happens when the hearers of the Word become doers of it.

Mark Batterson - Whisper

3. Gesondheidsake

Bo en behalwe die hernude bewuswording van God se genade het ons dit ook in hierdie tyd prakties ten opsigte van ons gesondheid ervaar. Die katarak op Sunette se linkeroog is verwyder en 'n mens is opnuut dankbaar vir die voorreg van sig.

'n Goeie vriend (dokter) het ons 'n paar jaar gelede uitgenooi om te kom vir 'n 'check-up'. Wat 'n seën, want soos julle reeds weet was Andries se PSA telling hoog, is hy met prostaatkanker gediagnoseer en is hy op 6 April geopereer. Sy herstel vorder baie mooi, maar dis eers 8 weke na die operasie wanneer 'n volgende PSA toets sal aandui of opvolg behandeling sal plaasvind of nie.

4. Tussen in - Veritas

Vertaalwerk

Voor Andries se operasie is ons vir drie weke Mosambiek toe. Een van ons doelwitte was om met ons verblyf-permitte deur die grens te gaan om aan sommige van al die reëls en regulasies te voldoen. Ons het met 'n paar klein takies by die Bybelskool in Macia gehelp en ook verder tyd aan die Veritas vertaalwerk spandeer. Ons kon ook saam met ons vertaal-spanmaat, Stephanie Herron, saam kom en in plaas van ons gewoonlike Zoom vergaderings, in-person-screen-sharing' (soos sy dit noem) doen. Ons is besig met Veritas module drie, waarvan 'n derde nou deur ons gefinaliseer kon word, en die res in verskillende fases van die vertaalproses verkeer.

Opleiding

Ons hoop om 29 April weer na die Suide van Mosambiek te vertrek en die tyd voor die PSA toets te gebruik vir Veritas opleiding. Daar is twee groepe gemeente leiers wat module 1 opleiding (DV) sal ontvang. 'n Belangrike deel hiervan sal wees om persone wat voorheen as fasiliteerders opgelei is, se vaardighede weer op te skerp en dan ookdie geleentheid te gee om van die opleiding saam met Andries aan te bied. Dit is kern belangrik dat hierdiefasiliteers op hulle eie sal voortgaan. As alles volgens plan verloop sal die opleiding in Chokwe (van leiers uit 'n groot groep denominasies) in die Gaza provinsie, en Zavora/Inharrime in die Inhambane provinsie plaasvind.

5. Nog materiaal

Andries is ook die afgelope tyd besig om lesse wat hy met sy uitreikgroepe in

Nacala, en tydens die lesings van kollega Myriam se ‘Word of God’ seminare gebruik het, te verfyn om meer bruikbaar in die moslem wêreld te wees. Die lesse fokus op Bybelgedeeltes wat die lyn van die verwagte Messias tot by die koms en werk van Christus volg. Van die tipiese vrae wat Moslems in ons area vra oor Christus en die Bybel word ook aangeraak. Hierdie lesse wil ons ook vir plaaslike dissipelmakers beskikbaar stel om hulle te help met hulle eie uitreik na die onbereiktes.

6. Planne

Sprenke 16:9 sê: Die hart van 'n mens beplan sy pad, maar die Here bepaal sy voetstappe.

Ons planne na die aanbieding van die Veritas kursusse hang natuurlik af van die PSA toets se uitslae. Ons beplan om die toets in Nelspruit te laat doen. Indien die telling nul is gaan ons vandaar terug Mosambiek toe. Indien nie, sal ons vir soveel tyd as wat nodig mag wees in Pretoria bly vir Andries se opvolg behandeling.

Albei van ons is opnuut bewus daarvan dat die Here wil he ons moet Hom stap vir stap volg. Daar is verskillende moontlikhede en uitnodigings vir die res van die jaar. Ons bid vir Sy leiding en dat ons sal doen wat ons Meester se Koninkryk mag dien.

7. Dankbaar

Ons wil graag ook dankie se vir julle ondersteuning en liefde wat ons so tasbaar ervaar het. Ons is so afhanklik van julle saam bid.

LAUDIUM Outreach Group (LOG)

Mei 2022 Nuusbrief – van Johan Naude

Dankie vir die voortgesette voorbidding en ondersteuning wat ons nog steeds van elkeen ontvang - wees verseker dat ons dit besonder hoog op prys stel.

Die afgelope paar maande was nou regtig 'n geval van mens weet nie of hierdie “covid terroris” nog 'n verskuilde skrikbewind voer en of hy toe al wel “gesneuwel” het nie. Ons kruip maar so stadig en versigtig uit die “loopgrawe” uit waar ons vir hom weggekruip het en probeer om weer te werk en te lewe soos “in die goeie ou dae”, maar dit werk nog nie heeltemal so nie.

Verlede week bel ek iemand om 'n afspraak te maak om hom te besoek, toe sê hy vir my “Jy is welkom, maar ek is gister positief met Covid-19 gediagnoseer, so ek dink ons sal die besoek maar vir so 'n paar dae moet uitstel.” So tussen in hoor jy nog van hierdie en daardie een wat positief getoets is; maar ek moet sê, dit lyk nie of die “aanvalle” nog steeds so vel is soos voorheen nie, dit lyk of dit deesdae voorkom as iets soos 'n nare griep of so iets.

Wat die werk aanbetref, dank ons die Here vir die besoek van die studente van Operation Mobilization aan Laudium, en vir elke persoonlike gesprek wat gedurende hulle besoek hier met óf 'n Moslem óf 'n Hindoe persoon gevoer kon word. Ons glo dat die Here self ook die na-prediker van Sy Woord sal wees en dat mense tot inkeer sal kom en na Jesus sal keer vir verlossing van sonde en die mag van die duiwel.

Een aand, gedurende een van ons besoeke, het ek saam met 'n groepie van hulle “door-knocking” gedoen – dit is nou wanneer ons sommer so van huis tot huis, onverwags by 'n deur aanklop en vra of ons met hulle oor hulle God en godsdiens kan gesels. Die mense by wie ons uitgekom het was baie toegewyde Moslems, maar só hartlik en openhartig, dit het ons skoon verbaas! Ons kon in só 'n vriendelike atmosfeer, nie alleen van hulle hoor wat hulle regtig glo nie, maar ons het ook 'n gulde geleentheid gehad om Jesus en Sy verlossing met hulle te deel en ons is toe sommer as hegte vriende uitmekaar.

Want jy sien, so deur die jare is Moslems deur hulle “Moulanas” (voorgangers) vertel hoe na hierdie Christen mense is, moenie met hulle praat nie, ens. En ons taak is, voordat ons die Evangelie met hulle kan deel, om eers, deur die leiding van die Heilige Gees, hierdie stigma, suspisie en vyandigheid wat tussen ons opgebou is, af te breek.

Ek moet erken, ons maak nogal baie van films met 'n Christelike boodskap gebruik om die Evangelie aan mense van verskillende oortuigings, oorgedra te kry. Hoewel die films hoofsaaklik in Engels verklank is, vind ons dat die ‘beeld’ 'n internasionale boodskap oordra. Op die 18^{de} Februarie het ons gereël om die film, “The Cross and the Switchblade” by die Baptiste kerk in Itirileng ('n plakkerskamp naby Laudium) te gaan vertoon, maar toe ons die polisie van ons planne verwittig het, het hulle vir ons duidelik laat verstaan dat die toestande in Itirileng te gevaarlik vir ons sou wees om teen daardie tyd van die nag ons te bevind, en dat ons nie op hulle beskerming sou kon staatmaak, sou ons dit waag om hulle aanbeveling te ignoreer nie.

Ons het toe maar aan 'n ander plan moes dink, en het toe maar aan die mense van die Baptiste kerk in Itirileng verduidelik hoe die toerusting werk, en die toerusting aan hulle geleen, waarop hulle toe die film, sonder LOG se betrokkenheid, daar vertoon het – God dank, sonder enige insident.

Die film-vertoning wat ons vir die 15^{de} April beplan het, het uitgereën, en met die aande wat nou hierdie “winter-gevoel” aan hom het, het ons nou toestemming gekry om voort te gaan met ons film-vertonings, in 'n saaltjie by die Himalayas woonstelle – huidige word die volgende vertoning vir die aand van die 10^{de} Junie beplan. Bid asb. dat harte geraak sal word en dat Jesus se Naam hierdeur verheerlik sal word.

Intussen is ons al op 'n paar geleenthede deur die Moslem-gemeente in Erasmia genooi om 'n besoek aan die moskee te bring om meer inligting in te win omtrent wat hulle doen en glo, en om dan 'n ete saam met hulle te geniet, waar ons op 'n een-tot-een basis aan hulle vrae te vra en baie belangrik ook ons oortuigings met hulle te deel. Dít vind ons nogal baie doeltreffend as 'n geleentheid om op 'n baie persoonlike vlak, sonder antagonisme, die Evangelie van Jesus met 'n Moslem te kan deel.

Om mee af te sluit, wil ek net 'n baie vriendelike maar ook 'n baie dringende versoek aan u rig en vra of u nie asseblief dit sal oorweeg om deel te word van ons uitreik-spannetjie nie. Ons belowe ons sal u nie “in die diep kant ingooi en verwag dat u moet swem nie”. Ons sal u toerus met die nodige kennis en ondervinding vir die taak maar ons het dringend medewerkers nodig wat bereid sal wees om – al is dit een aand in 'n week, af te staan om ongelowiges van Jesus te vertel. Laat weet asseblief as u sou belangstel.

NUUS: Dana & Samantha

Hierdie inligting is van Dana en Samantha, wat voorheen in Irak onder die Koerde gewerk het en vir wie ons ondersteun het. Die boodskap is per WhatsApp gestuur.

Dear friends and family, good day to you all. It's time to go home to South Africa; our time in Germany is finished. We had to go back to South Africa one year ago, but because of the coronavirus laws, we couldn't go back, we thank God that the laws of travelling changed, and we can go back; we thank you for your prayers and your support for the kingdom of God among the nations. We will continue to work, and we have many projects for the number of years ahead for the church. We need your participation in this work with each other to spread love and peace in the hearts of those in need of the knowledge of the Lord and eternal salvation. Blessings

Dear Dana and Samantha. I know God blessed all the work you have done for Him and will continue to bless you in future. It is a privilege for me to know you and to pray for you. May you be protected and arrive safely.

Praise God 🙏🙏🙏

Thanks, dear friends. We're happy to be coming home. It's been a successful and informative six years in Europe. We're looking forward to this next season and to seeing what the Lord will do 🍀

HOFFMANNS NEWS- LETTER

Gerhard, Sherene and Gerhardus Hoffmann

Volume #08-01

Ministry

After we arrived back in Delhi on 13 January '22, we visited our partner Kajal and his wife Brapula in Amguri, Assam. We joined them for consecutive Garo church training and conducted a children's "camp" at their school. Kajal and Gerhard trained leaders from the local Garo church on how to share the gospel in a contextualised way to Muslims, while Sherene taught the children in practical ways about following Jesus and how to share the gospel.

Back in Delhi we continue to present conversation classes every two weeks to students at the language school. Our brother Din is visiting his jamaat (house church) leaders this coming week to encourage them and hand over "Way of Salvation" booklets and SD cards. Sherene had the opportunity to engage over 60 Afghani women during a Women's day celebration at the Afghani Tuition Center. She had them decorate cupcakes and use this practical activity to share spiritual truths. Sherene could share that Isa'Al'Masih is the light in her life.

Family matters

We are so thankful for the wonderful time we could spend with our family in South Africa in December/January.

Later this month, we will be moving house from South Delhi to Greater Noida, where Gerhardus' school will be. This is also the school where Adrian and Mari will be teaching. They will stay in our apartment while we are in South Africa.

Business and Finances

A former employer and someone who also supports our work in India made Gerhard a job offer which will allow us to continue our work in India while Gerhard will be employed by their company as a metallurgist. We prayed about this suggestion and feel that this is a good opportunity for us to continue the discipline work in India and be closer to our children and family in South Africa. We will be able to visit India 3 to 4 times per annum for two weeks at a time to have focused time with our partners and do training where it is applicable. Gerhard will continue with the business projects in India as this will ensure continued visa access to India. We will travel back to South Africa in April. We will appreciate your continued support and prayer for the TPM work that we will do when we visit India. We will also continue to be involved with various ministry projects in India.

Prayer requests

- ◇ Please pray with us for continued fruit among the Garo leaders that received the training in February
- ◇ Please pray for Din as he visits West Bengal in the next ten days to encourage and train and do leadership development of the jamaat leaders in West Bengal
- ◇ Please pray for the Afghani Tuition Center, which has more than 100 Afghani children and adults studying a language or doing skills training.
- ◇ Please pray with us for the arrival of Adrian and Mari in India by the end of March. Please pray that they will receive all the needed documentation in time.
- ◇ We will appreciate your prayers for our transition to South Africa and the continued work in India through the TPM Ministry.

Volume #08-02

Ministry

Since we returned to South Africa on 9 April, we have maintained contact with our Indian partners and ministry team through weekly meetings on zoom or WhatsApp calls. At these times, we pray together and discuss different aspects of the ministry work. At one such meeting, one of our team members shared that one of our MBB partners had received a death threat where he and his family were warned to stop their ministry among cousins in the area. We spent time in prayer to intervene for the safety of our brother and his family. A few days later, we heard back from our MBB partner. He shared that the man who had left the threatening note in his post box came to him to ask him forgiveness for wanting to harm him and his family. He said he had a dream where someone spoke to him and said that he should not harm the believers. He felt so convicted of his wrong intentions that he came to ask for forgiveness. We were encouraged by this as it again emphasises the importance of prayer for our brothers and sisters in Jesus. We plan to visit India at the end of September '22 to engage with partners and do discipleship training to MBB and CBB's.

Family matters

We are delighted to announce the birth of our second grandchild. His name is Phillip van der Merwe. He was born on 1 June in India. His parents and sister had been in India less than a month when he was born. We are grateful that everything went well.

Sherene and Gerhardus arrived in India a week before he was born to support them as a family in this special time. Sherene also visited some of our ministry

partners and friends while she was in India. In the meantime, Gerhard has started working at his new company. This is a new season for us as a family, but especially for Gerhard, as he has to balance work and ministry. We moved into a new house in July, and Gerhardus has started school at El Shaddai Christian School in Durbanville.

Business and Finances

Gerhard started with his new work on 19 April '22. He has been busy visiting different mine sites in South Africa and Namibia. It is encouraging to experience working for a company with a significant number of committed followers of Jesus. Gerhard could share the vision for the nations, especially India, with several of his colleagues. Gerhard's company in India and South Africa also has a number of contracts for test work and engineering services for companies in India and in Mozambique. These are being executed in conjunction with business partners in SA. We thank you for your continued support and prayers for the work in India (and South Africa). We love India and its people and are still involved in prayer, encouraging local partners, supporting partners, visiting India to connect with them, and doing discipleship training. Now that Mari, Adrian, Amelia and Philip are there, it gives us even more reason to visit often.

Prayer requests

- ◇ We give praise to God that Adrian, Mari and Amelia could arrive in India at the beginning of May.
- ◇ We are thankful for the new life God has given with the birth of Phillip.
- ◇ We thank God for providing and guiding us in this time of transition.
- ◇ Please pray for continued good connections with our partners in India, especially for Gerhard, as he manages work and ministry.
- ◇ Please pray for Adrian and Mari as they connect with cousins in India.
- ◇ We are planning training in different areas in India from 24 September to 9 October. Please pray for all the logistics to be worked out and for the ministry partners who will be involved.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak **Carl de Beer 083 443 9256**

Sendinggroete in Christus, **Sending (as deel van Diensgetuienisbediening)**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)



FEBA RADIO SUID-AFRIKA SE GETUIENIS BYEENKOMS

SATERDAG, 3 SEPTEMBER, 2022, 10:00 VM

Geagte

Ons nooi u gemeente graag uit om deel te neem aan ons opwindende Getuienisbyeenkoms waar ons Nasionale Direkteur, Dr Jurie Vermeulen inspirerende stories gaan deel van hoe God besig is om die wêreld te verander deur middel van media, een siel op 'n slag. Jy sal geïnspireer word!

**Ons sien uit daarna om u daar te sien.
Familie en vriende is ook welkom!**

Datum: 3 September

**Adres: H/v Blom- en Joseph Bosmanstraat,
Silverton, Pretoria**

Tyd: 10vm

Plek: NG Kerk Silvertonkruin

Koffie, tee en verversings sal by die geleentheid bedien word.

SEPTEMBER

3de

**RSVP teen Woensdag
22 Augustus om 12:00 aan**

Ingrid/Magda op

012 335 5708 of stuur 'n

WhatsApp boodskap na

081 265 4801

All things have been
created through him
and for him.

Colossians 1:16

Die Lieflikhede van ons Here by die Nuwe Rietfontein Suid

Daar was 'n tydjie wat ons, Rietfontein Suid, bietjie vaal gelyk het, maar deesdae is dit 'n **mooi** prentjie hier! - Die kleurspatsels van die blommetjies en klippies oral in die tuin, die heldergroen grasperk al om die kerkgebou, teken daarvan dat die Here ons as vrugbare grond beskou, en dat Hy besig is met vernuwing en lente ook in ons harte. Die herinnering aan Simon se vriendelike laggie en vinnige swaai-arm stappie iewers op die terrein.

Die vrolike aanbiddingsklanke van Johann se klavier en die sagte, innige harmonie van die drie stemme van Gerda, Chrisna en Lita wanneer jy inkom by die deur. Die diep klem van ou Blackie se baskitaar onder die musiek. Wanneer die mense opkyk, hul warmte vriendelikheid, verwelkomende gesigte en 'n waaiende hand hier en daar.

Die windpomp met sy vlerkies wat stilweg maar duidelik herinner waarvoor ons moet bid.

Die sagte herinnering aan ons Verlosser, God self, dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat of in die steek sal laat nie – wanneer ek die kruis daar vóór raak sien. Die dooie hart met die duifvormige vlam voor teen die kateder, simbool dat Heilige Gees ons harte aan die brand maak vir Jesus en ons mede mense.

Die mooi warmte, sagte glans van die houtwerk teen die mure en banke oral in die kerk. Wanneer ek sit en stil word, die gesellige tjie-tjie van die stemme van my boeties en sussies, 'n giggel-laggie hier en daar, en hul bewegende figure terwyl hulle vóór erediens met mekaar gesels en opvang. Wanneer my oë rustig rondwaal sien ek die sag-verligte kerse voor teen die verhoog, wat vir my wys dat Jesus, God, Immanuel hier by ons teenwoordig is en ons help om Sy Kerk te vernuwe.

Die klein figuurtjie en vriendelike oë van ons liewe Petro, wat vir ons die Here se Woord bedien. Die gespitsde oë en ore van my mede-gemeentelede wanneer Petro die Here se beloftes aan ons uitlê – die “Lieflikhede van die Here”, soos in Ps 27:4 - Die Bybels, die Woord wat oop op die gemeente se skote lê.

Die sagte warm hand van my geliefde in my hand gevou wanneer ons saam met Petro die Here aanbid.

Klein groepies vriendelike mense, almal my familie, seën mekaar rondom die kerkgebou en by die kombuis, of was maar net die skottelgoedjies.

Kom kyk of jy ook hierdie mooi prentjie raaksien, en meng jou mooi spatseltjie kleur iewers by die geheel in.

IS DIT GOD SE WIL DAT CHRISTENE LY?

Hoewel Christene soms hul eie lyding veroorsaak, is lyding wel ook deel van God se wil: 1 Petrus 4:19: *“Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.”*



Maar wat is die doel van lyding? Dit toets die egtheid van ons geloof: *“Broers, as die moeilikhede van alle kante op julle toesak, moet julle bly wees daaroor. Julle het al geleer dat dit julle standvastig maak, as julle geloof op hierdie manier getoets word en julle die toets slaag.”* - Jakobus 1:2-3 (Lewende Bybel).

Lyding openbaar die stand van jou geloofslawe aan jouself en dit bewerk groei en afgeronde Christenskap: *“Hierdie standvastigheid moet toegelaat word om te volle te ontwikkel, sodat julle beproefde en afgeronde Christene kan wees sonder gebreke.”* - Jakobus 1:4 (Lewende Bybel).

Lyding kweek volharding: *“Moreover ... let us exult and triumph in our troubles and rejoice in our sufferings, knowing that pressure and affliction and hardship produce patient and unswerving endurance.”* - Romeine 5:3 (Amplified Bible).

Lyding is God se leerskool wat Christene toerus om ander doeltreffend te kan bedien: *“Dit is Hy wat ons help elke keer as ons in die moeilikheid is, want Hy wil hê dat ons ook vir ander mense in hulle moeilikhede moet help net soos Hy vir ons gehelp het.”* - 2 Korintiërs 1:4-7 (Lewende Bybel).

God werk altyd doelgerig in ons lewens ook wanneer Hy lyding toelaat. Later pluk ons die vreugdevolle vrug wat dit oplewer.

Pastoor Briel R., Augustus 2018, Juig! Tydskrif, Woorde van Wysheid, Volume 10 Uitgawe 7, bl 50.

SPRING THE
SEASON FOR
REBIRTH
renewal AND
REGROWTH

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100